BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# KRINGE EN RYE

# Deel 1 – Ons het mekaar nodig

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Hoe het jy groot geword ten opsigte van kerk? Was dit meer beperk tot 'n uur op Sondae waar jy moes stil sit in 'n ry, of was dit meer gebou rondom verhoudings met ander Christene in groepe of kringe? Of albei?**

**Het jy al ooit 'n slegte ervaring ten opsigte van samekomste van kerk gehad in jou verlede? Hoe het dit jou prentjie van kerk beïnvloed? Dink jy daar het al genesing gekom rondom daardie insident?**

**Hoekom dink jy sukkel ons baie keer om mense te vertrou met dinge diep binne ons wat nodig het om gesond te word? Watter invloed dink jy speel goeie, Christelike en ondersteunende verhoudings in 'n genesingsproses?**

**Watter een van die 5 redes wat gegee is in die preek hoekom mense baie keer nie wil deel raak van kleiner groepe, het die meeste tot jou gespreek? Die redes was:** ***1) Oningelig of Naïwiteit; 2) Persoonlikheid of Temperament; 3) Vrees; 4) Vorige Ervarings met mense; en 5) Besig Wees.***

**Watter waarde het jy al uit die "rye" gedeelte van kerk gekry, en watter waarde uit die "kringe" gedeelte van kerk? Dink jy die twee moet met mekaar kompeteer of vul hulle mekaar aan?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Galasiërs 3:26; Efesiërs 1:5; Johannes 1:12-13 en 1 Johannes 3:1. Watter tema staan vir jou uit in hierdie gedeeltes? Hoe beïnvloed dit hoe ons na kerk moet kyk?**

**Lees Romeine 12:4-5 in verskillende vertalings. Wat staan vir jou uit ten opsigte van ons wat aan mekaar behoort in die liggaam van Christus en verskillende funksies het?**

**Watter implikasies hou dit in as ons oortuig is dat ons binne die kerk aan mekaar behoort en mekaar moet help? Hoe dink jy moet dit uitspeel in hoe ons leef as Christene? Verduidelik.**

**Johannes 13:34-35. Wat sê Jesus sal dien as 'n teken dat ons sy volgelinge is? Hoe sterk wys jou eie lewe op hierdie stadium hierdie beginsel vir die wêreld?**

**Johannes 3:16 en 1 Johannes 3:16. Wat is die gevolg van liefde volgens hierdie twee verse? Op watter mate weerspieël jou lewe hierdie beginsel?**

**Efesiërs 4:16. Wat is die gevolg as elke persoon sy posisie en rol in die kerk of die liggaam van Christus opneem?**

**Op watter praktiese manier kan jy hierdie week die mense in jou groep ondersteun, bemoedig en liefhê?**

**Watter persoon het jy toegelaat om vir jou blindekolle in jou lewe uit te wys? Hoe kan jy hierdie week 'n gesprek met daardie persoon hê? Wat sou jy wou deel of wou vra vir hierdie persoon in hierdie week?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**